

Leierskap vanaf die podium

The Savior uses many tones of voice and many methods for the salvation of humanity – Klement van Aleksandrië

Leierskap vanaf die podium

Meeste leiers lei van die kop van die konferensietafel of van die blaaibord of van die podium – dit is waar hulle gemaklik is. Dit is vanwaar hulle verwag om hulle grootste resultate te kry. Doeltreffende leiers verkry egter resultate van baie onverwagse plekke.

Kom ons kyk na Jesus – die grootste leier van alle tye. Hoeveel het Hy nie bereik terwyl Hy “op pad” was nie. By Hom was daar geen vermorste oomblikke nie. Of Hy het dit gebruik om mense te leer of om iemand te seën of om ‘n wonderteken te doen. Hy doen nie sy bediening net by sy bestemming nie, maar ook langs die pad.

Scott Cochrane sê dat ons daaruit moet leer. Dit gebeur as jy ‘n spanmaat help om uit ‘n fout te leer; dit gebeur as jy ‘n tydige woord van aanmoediging praat vir iemand wie se skouers hang; dit gebeur as jy mense in die gang vir terugvoer vra; ens. Hoe gebeur dit? Hierdie “langs die pad leierskap” het vier komponente:

- Doelbewustheid – hierdie leiers is altyd op die uitkyk vir leierskapsmomente – maak nie saak waar hulle is nie.
- Tyd – as jy teen tien maal die spoed van klank werk, het jy nie tyd vir sulke geleenthede nie.
- Buigsaamheid – jy moet bereid wees om ‘n ompad te neem in ‘n dag wat jy sorgvuldig beplan het as jy voordeel uit sulke geleenthede wil trek.
- Kreatiwiteit – jy moet kreatief kyk vir moontlike geleenthede. Soms is die geleenthede nie ooglopend nie.

Jy kan 'n roetine situasie in 'n leierskapsgeleentheid omskep.

Die belang van leierskap by jou bestemming is ooglopend, maar moenie hierdie langs die pad geleenthede vergeet nie.

Dietrich Bonhoeffer se gedig

If you're a beast in the pulpit but a coward in your neighborhood, something has gone wrong. –Matt Chandler

Dietrich Bonhoeffer se gedig

In April 1943 neem die Gestapo in Duitsland vir Dietrich Bonhoeffer gevange. Uit die tronk skryf hy *Letters from a Prison* wat na die oorlog 'n topverkoper word. Daarin is ook 'n gedig aan sy verloofde, Maria von Wedemeyer: "New Year 1945." Die derde vers is bekend – eintlik beroemd

Should it be ours to drain the cup of grieving

Even to the dregs of pain,

At thy command, we will not falter,

Thankfully receiving all that is given

By thy loving hand.

Drie maande later word hy in Flossenbürg tronk tereggestel.

Agtien jaar later in die VSA treur 'n ander bruid oor die dood van haar verloofde. Hierdie gedig vertroos haar. Sy gee die gedig aan haar vader, 'n skrywer. Na nog 12 jaar – dertig jaar

na Bonhoeffer se dood – kry hierdie vader 'n brief van 'n pastoor-vriend van hom. Die pastoor vertel vir die vader dat hy 'n terminaal siek vrou besoek het. Hy gee die vader se boek vol gedigte aan die vrou. Hierdie gedig van Bonhoeffer is ook daarin. Sy lees die hele nag die boek. Sy vertel vir haar pastoor hoe hierdie gedigte haar vertroos het. 'n Paar uur later sterf sy. Haar naam was Maria von Wedemeyer-Weller – Bonhoeffer se verloofde dertig jaar vantevore.

Bonhoeffer (37)

Every human being's essential nature is perfect and faultless, but after years of immersion in the world we easily forget our roots and take on a counterfeit nature.
-Lao-Tzu, filosoof (6de eeu vC.)

Bonhoeffer (37)

Hierdie is die laaste artikel in hierdie reeks: *40-Day Journey with Dietrich Bonhoeffer, Augsburg Books*

Aan die einde van sy lewe het Bonhoeffer die volgende gesê: “Wat my voortdurend pla is die vraag: Wie is Christus werklik vir ons vandag?”

Hy gee weer 'n paar aanhalings uit die Bybel vir ons:

- *“Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?” Hulle antwoord: “Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete.” “Maar julle,” het Hy gevra, “Wie sê julle, is Ek?” Simon Petrus het geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.” (Matteus 16:13 – 16)*
- *Watter sin het dit dat julle My aanspreek met ‘Here, Here!’ en nie doen wat Ek sê nie? (Lukas 6:46)*
- *Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde (Psalm 46:11)*

Wie is Christus vir my en jou vandag?

Liefdevolle God, vir waar ek was en waarheen ek op pad is op my reis saam met Jesus, gee ek aan u al die eer en dank. Amen.

Bonhoeffer (36)

We must fall into the arms of Christ or into the flames of hell. –John Mason

Bonhoeffer (36)

Ek wil enkele gedeeltes uit *40-Day Journey with Dietrich Bonhoeffer* (Augsburg Books) hanteer.

In gebed gaan ons na ons vyande en staan aan hulle sy. Ons is met hulle – naby hulle en vir hulle. Jesus beloof nie dat die vyand aan wie ons goed doen, ons sal liefhê of seën nie – Hy beloof nie dat hulle ons nie sal mishandel en vervolg nie. Maar al doen hulle dit kan hulle ons nie oorwin of kwaad aandoen as ons voorbidding vir hulle doen nie. Ons tree nou vir hulle by God in. Elke belediging van ons vyand bring ons nader aan God en ons vyande. Elke vervolging bring die vyand nader aan versoening met God.

Hoe word liefde onoorwinlik? Deur nie te vra wat die vyand doen nie, maar wat Jesus gedoen het. As ons ons vyande liefhet, lei dit ons op die pad van die kruis – maar ook nader as die Gekruisigde.

Bonhoeffer gee weer twee Bybelgedeeltes om ons te help:

- *Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg (Matteus 5:44).*
- *In God, wie se woord ek prys, in die Here, wie se woord ek prys, in God stel*

ek my vertrouwe, ek is nie bang nie. Wat kan 'n mens aan my doen? Ek moet my geloftes aan U nakom, o God, ek wil U met dankoffers betaal, want U het my van die dood gered, my voet nie laat struikel nie, en met God by my kon ek my pad aanhou loop en die lewenslig bly sien (Psalm 56:11 – 14).

Here van vrede en geregtigheid, laat my nie oorwinning oor my vyande soek nie, maar eerder ware en wedersydse versoening. Amen.